

10 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 8:23 – 9:6

Fokusgedeelte: Jesaja 8:23

Die blywende van Christus se werk

Toe ons Here Jesus Christus sy werk aan die kruis van Golgota voltooi het, was dit nie maar bloot eenmalig en afgehandel nie ... intedeel, dit was so blywend en permanent soos wat mens kan kry.

Die uitwerking daarvan vind vandag nog weerklank in die harte en lewens van duisende mense. Die profeet Jesaja voorspel al die blywende daarvan. Indrukwekkend skets die profeet dit:

- Daar was duisternis (8:23) ... 'n mensdom in die donkerte ... mense wat geleef het in benoudheid, sonder lig, sonder hoop, sonder blywende en ewigheidswaardes.

Maar dan gebeur dit: Daar het lig gekom (9:1) ... 'n verandering wat ewig en blywend sal wees. Dit is 'n Lig wat skyn ... 'n ewige Lig ... 'n Lig wat nóóit uitgedoof of verdof kan word nie. Want: “Vir ons is 'n Seun gebore” (9:5). Die werkwoordjie waarin dit geskryf staan, toon die blywendheid ... die permanentheid van die Seun! Want Hy is gebore om te dóén. Sy werke is nimmereindigend:

- Hy het ewig vreugde gebring (9:2)
- Hy het permanente verlossing bewerk (9:3)
- Hy het vrede en geregtigheid gebring ... “van nou af en vir altyd” (9:6)

En só moet ek en jy elke dag leef ... in daardie vaste wete dat Christus se verlossingsdaad aan die kruis vir altyd geldend is ... blywend deel is van ons elkeen se lewe.

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)